

Dierevoeding

Heterotrofiese organisme → organisme wat nie hul eie voedsel kan produseer nie. Is afhanklik van ander organismes vir hul organiese voedingstowwe.

5 Hoofprosesse in voeding

1. Ingestie - voedsel word ingeneem by mond
2. Vertering - soliede onoplosbare voedsel word fisies en chemies afgebreek in kleiner oplosbare stowwe
3. Absorpsie - eindproduk van vertering word in bloedstroom opgeneem.
4. Assimilasie - selle neem voedingstowwe uit bloed op en gebruik dit
5. Egestie - onverterde reste word uitgeskei in die vorm van feses.

Belangrikheid / noodsaaklikheid van voedsel

- verskaf energie (koolhidrate en vette)
- groei en herstel van beskadigde weefsel (proteïene)
- reguleer liggaamsprosesse bv. selrespirasie (vitamiene, water en minerale soute)

Voedingswyses by diere

- 1) Herbivore → eet slegs plantmateriaal bv. koei
→ neem groot hoeveelhede voedsel in (plante het 'n lae energiewaarde)

Tande :

- snytande - om voedsel af te byt
- hoek- / slagtande - afwesig
- voor en ware kiestande - groot en plat om plantmateriaal fyn te maal.

- 2) Karnivore → eet slegs diermateriaal bv. leeu
 → neem minder voedsel in (vleis hoër energiewaarde)

Tande :

- snytande - skep punte om voedsel af te byt
- hoek-/slagtande - lank en sterk om prooi te deurbor, dood te maak en te verskeur
- voor- en ware kiestande - prominente uitsteeksels met skerp rande om voedsel te sny.

- 3) Omnivore → eet plant- en diermateriaal bv. mens, vark
 → hoeveelheid voedsel hang af van voedsel se energiewaarde.

Tande :

- stem ooreen met die van Karnivore

MAAR

- kiestande - het nie prominente uitsteeksels nie.
- Bobbejane en varke het goed ontwikkelde hoek/slagtande vir selfverdediging en sosiale vertoon.